

Skriflesing: Genesis 49:1-13; 1 Korinthiërs 1:18-31

Teks: **Genesis 49:13**

Sing- Ps. 84:1,4; Ps. 97:1,7; Ps. 71:9,10; Ps.68:9,12;

Broeder en suster- Ons is nog besig met die reeks rondom Jakob se twaalf seuns. Die een na die ander kom voor ons staan. Laat ons onthou dit gaan nie maar net om hierdie twaalf, wie elke seun was nie. Elke seun het hierdie dag wat Jakob op sy sterfbed met hom gepraat het, 'n woord ontvang wat met ons as mense saamloop. Die woorde hier is 'n woord wat met hulle en met ons saamloop tot vandag toe. Die woord wat Jakob elke seun laat toekom sal by ons bly tot aan die einde van die wêreld. Dit wat ons vandag van Sebulon gelees het, ons moet dit kan toepas op vandag, tot in die vêrste toekoms.

En nou is die opmerklieke, dit wat vir Sebulon gesê is, lyk eintlik nie veel nie. *Sebulon sal woon by die strand van die see; en hy sal by die strand van die skepe wees, met die sykant na Sidon toe.* Dit is dit – is dit werklik die moeite werd om dieper hierop in te gaan, broeder en suster? Dit lyk of Jakob vir Sebulon nie veel het om te sê nie. Vir Juda, vv.9-12 het Jakob so baie gesê. Vir Sebulon net 'n enkele sin. Maar net 'n plek. 'n Plek waar hy sal moet bly, waarop dit boonop lyk baie mense nie graag eers sou wou bly nie. Hy sal by die see moet gaan bly, waar die dorre droë woestynsand al is, wat die see van die land afskei.

Sebulon, was daar dan iets verkeerd, dat hy maar net dit moes hoor? Geliefdes, nee.

Inteendeel, ons kan vir Sebulon raaksien, toe sy ma Lea, hom vir die eerste keer in haar arms kon hou, haar jongste, haar laaste seuntjie en sy noem hom Sebulon, wat “genade” beteken, 'n genade geskenk, 'n Sebulon.

As Sebulon, die genade kind, sy lewe saamvat, soos sy pa Jakob, hulle lewens, aan die einde van sy lewe, omraam, dan wil Jakob vir Sebulon ook iets sê, maar dit klink so flou. Is dit werklik flou? Ons sal verbaas wees, oor wat eintlik hieragter lê. Jakob sê eintlik vir Sebulon, jy sal nie van die grond lewe nie, maar jy sal van die see moet lewe. Besef ons die genade hiervan, broeder en suster?

'n Mens koop of huur nie 'n stuk see, soos wat 'n mens met grond moet maak, voordat jy daarop kan begin werk nie. Die Here ploeg die see, met sy strome om, die Here laat die see, vol van sy vrug, sonder insetkoste van mense. Om met grond iets te maak, moet dit bewerk word, dit moet geploeg word, geëg word, gesaai word, natgemaak word. Die see is anders. Niemand kan die see omploeg nie, niemand bewerk die see en moet hard werk, voor die see,

vrug oplewer nie. Al wat die mens hoef te doen, is om met sy skip, in Sebulon se tyd, nog wel klein skepies, om met sy skip daarin te gaan, sy nette te laat sak en uit te haal, die vrug van die see. Werklik die see wys heen, dat alles net genade is, genade, sonder enige verdienste! En aan Sebulon se sykant, lê boonop Sidon, die Here weet, Sebulon jy sal handelsweë kan oopmaak, 'n hawestad kan bou.

So sou Sebulon se lewe wees, baie gewoon, niks opspraakwekkend, dinge waarvoor koerante iets sou wou skrywe nie. Dit is die groot saak wat ons hier moet raaksien, dat dit wat juis klein lyk, die onaansienlike, sou in die geskiedenis die deurslag gee. Ja, die kant waar Sebulon moes gaan bly, aan die seekant, daar het die Here sy groot genade planne reeds afgeteken gehad. In daardie gebied, sou kom Galilea, in Galilea, sou later kon wees, Nasaret. Kan daar uit Nasaret iets goed kom, hoor ons Nataniël dit 'n keer vra – Sebulon sou by die hoor van Jakob se seën, dit dalk ook wou sê, kan daar waar ek moet gaan bly, kan daar iets goed daaruit kom? En tog, laat ons mooi daarna kyk – Juis daar in Sebulon land, is Jesus se woonplek gewees, Nasaret en in dieselfde gebied lê, Kana, die plek van die eerste wonderwerk, waar Jesus water in wyn verander het, meer en lekkerder as wat enigeen kon dink of verwag.

Sebulon land is waar seker die meeste van Jesus se voetspore op aarde getrap sou word, die ou plekkie wat Jakob net wou sê – *Sebulon sal woon by die strand van die see en vanaf daardie strand, roep Jesus sy eerste dissipels, Andreas en Simon. Wat was hierdie dissipels anders, as dit wat Sebulon moes word, eenvoudige visser mense, vissermanne van beroep, wat apostels moes word. Die eerste geroepenes kom van die see se kant, geroepe om nie meer met hulle nette baie vis te probeer vang nie, maar om met die net van God se verbond, baie mense te vang. Ja, om die verbondsnet te vol te maak, dat God se koninkryk sal kom, juis daar waar Sebulon vandaan sou kom. Vir Sebulon was daardie genade in die onverwagte, daar was God se plan in die onverwagte.*

Terwyl ons dan in die onverwagte ons oë op Sebulon rig, broeder en suster, weet u wat is die mees merkwaardige wat hierdie man en sy lewe my wil laat glo. Sebulon wil my laat glo dat ek mag maar gewoon wees, gemiddeld, selfs onaansienlik. Nie almal kan soos Juda, so 'n seën ontvang nie, Juda wat sou wees die geslag van ons Here Jesus Christus.

Sebulon, die een wat ons die gewone dinge in die lewe laat raaksien. Die Here wil deur Sebulon ons geloof deur sy eenvoudige geloof versterk. Elke keer kan ons weer daarna kyk, dat gewone mense speel 'n baie belangriker rol in God se openbarings geskiedenis, as juis die belangrike mense, die aansienlikes. Dit is vissers wat apostels geword het, nie teologiese professore uit die Fariseër skool nie. Dit is herders wat eerste onder die indruk van die koms van die Messias gekom het. Dit is vrouens wat die eerste getuies was, van Jesus het opgestaan. En onder die vroue, lees ons Mattheus 28, van één so 'n vrou, al wat Mattheus sê, Maria en die *ander Maria* het by die graf gekom, 'n graf wat leeg is, Jesus wat reeds weg is. Mattheus praat van maar net nog 'n Maria, 'n *ander Maria*, (maar een van die vier Marias in die Bybel) ons weet net sy was 'n ma, niemand weet niks vêrder van haar af nie en tog, sy word die eerste, vir wie Jesus na sy opstanding sou begroet.

Waar Sebulon maar ook die gewone was, maar net nog 'n seun van Jakob, 'n ander seun, dan maak Sebulon dit in sy lewe baie duidelik. Doen wat van jou verwag word en verwag dan dat God die res sal doen. Al is my plek, my naam, my omstandighede, niks belangrik nie. As ons dit so aanvaar, broeder en suster, dan is dit so wonderlik om te weet, ek mag 'n tevrede mens wees? Tevrede met wie u is, wat u het, waar u bly, hoe u in die lewe tot nou toe gevaar het? Maak net baie seker, dat u tevredenheid van God afkom en nie van die duiwel nie. Waar God se mense tevrede is, sal die duiwel nooit tevrede wees nie, daarom sal die duiwel altyd probeer om ons met 'n tevredenheid na sy kant toe te draai, weg van God af.

As ons in hierdie Goddelike arena kan intree, van ek het met myself vrede gesluit/vrede gemaak. Die belangrikste vir ons is om te weet, God het 'n plan met my lewe, soos wat hy met Sebulon se lewe 'n plan gehad het, lank voordat Sebulon nog geweet het, wat die plan is. Sebulon kon maar net see-toe gaan. God se plan was Galilea, waar daar sou wees, Jesus se tuisdorp, Nasaret. Dan kom die see en die vissermanne, die mense, die see, waarvandaan Jesus eendag vir hom dissipels sal roep. Dit is seker hierdie dinge wat Moses in Deuteronomium 33 van Sebulon sou laat se – *Verheug jou Sebulon, verheug jou oor jou togte....*in my eie woorde dan, Sebulon wees bly oor jou togte, togte, wat dan tog ook beteken, om te trek. Sebulon moes bly wees, om see-toe te kon trek, want daarmee het God sulke reuse-planne gehad. Reuse-planne, met klein mensies, is wat ons samevatting vir vandag kan wees.

Pretoria- 13 Mei 2012

Mag u dan ook in Sebulon u self raaksien en weet, God het met jou 'n plan. Al voel jy hoe onbelangrik, al voel jou lewe dikwels so planloos. Dan is dit juis die tyd, om te weet, ons kan onmoontlik altyd al God se planne verstaan, maar altyd het God 'n plan. Nie een sal seker ooit in die lewe die plan van God in lyding, in siekte, in sindrome en in rystoele verstaan nie, maar weet verseker, selfs al is 'n mens in 'n rystoel, God het met daardie rystoel ook 'n plan. Moet net-nie verwag dat God se planne altyd die blink en die glorie, die geld en die mag van mense belangrik ag nie. God beskou juis baie keer dit wat vir ons belangrik is, as onbelangrik. Dit is juis die skitter plekke, dit wat blink is, wat in die Here se oë 'n gruwel kan wees. Mense wat kan spog met vol pawiljoene, 'n rugbywedstryd op 'n Sondag, die blink, die sportprestasie, die aan die wen-kant wees, dis dinge wat in God se oë gruwels is.

God se plan moet gesoek word en elke dag moet ek moedig vir die wêreld wil sê – ook in hierdie Suid-Afrika waarin ons nou bly- kyk, God het 'n plan! Sien dit raak, erken dit, bely dit, dan is die Raadsplanne van God, so tasbaar, so wonderbaar, want ek weet dan die volle planne van God kom ook oor my neer. Volmaak, regverdig, verlossend, nuut, vol hoop, hier waar ek en my vrou bly, waar ons ons kinders grootmaak, alles is deel van 'n plan, wat al hoe duideliker sal word. So sal dit wees tot op die dag, wanneer alles duidelik sal wees. Alles nuut sal wees, 'n nuwe hemel onder 'n nuwe aarde, met 'n nuwe mensheid, almal uitverkorenes, ook uit die geslag van Sebulon, 12000 verseëldes(Op. 7:8).

Terwyl ons na hierdie nuwe dinge kyk, sê die Here vir ons dat 'n groot deel, die grootste deel van die wêreld sal God se plan beskou as 'n dom plan. In 1 Korinthiërs word die wysheid van God, wat sekerlik tog die samevatting van God se planne is, as iets gesien, teenoorgesteld van die wêreld se wysheid. Ons hoor die wêreld met sy wysheid wat verskriklike dinge kan kwytraak. Die kruis wat vir die wêreld vol dwaasheid is, die prediking is dwaasheid en die Jode soek 'n teken en die Grieke soek wysheid, maar op die einde is daar net een wysheid wat van God kom, Jesus Christus, die krag van God en die wysheid van God.

Laat ons dan kyk na ons roeping, soos Paulus vir die Korinthiërs geskrywe het.....*let op julle roeping, broeders, julle is nie baie wyse na die vlees nie, nie baie magtiges, nie baie edeles nie, maar wat dwaas is by die wêreld het God uitverkies om die wyse te beskaam en wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om wat sterk is, te beskaam.* En om hierdie wysheid jou eie te maak, kan alleen deur die Heilige Gees ons inkom. In Romeine 8 hoor ons hoe die Heilige Gees my siel laat asemhaal en my laat bid, maar dit is ook die Heilige Gees, wat my

laat verstaan dat God alles ten goede laat meewerk vir die wat Hom liefhet en dit is hulle wat God volgens sy besluit geroep het.

Die vraag waarmee u nou van hier u weg moet vind, is of u wel God se wysheid soek. 'n Wysheid wat Sebulon maar een voorbeeld is, wat gebeur as God se wysheid oor 'n mens begin oopvou! Is daar 'n dringendheid in u, om te wil weet, wat is God se plan met my lewe. Soek 'n antwoord, toets dit, deurbid dit, deurdink dit. As jy 'n naam het, jy het 'n adres en jy haal asem, jy, gelowige kind van God, dan is jy nie maar net nog 'n mens nie, jy is nie maar deel van die massas nie. Maar jy is dan 'n gesalfde, gesalf met die Heilige Gees om te mag weet wat ek moet doen om God se koninkryk hier, waar ek is, waar ek werk, waar ek ontspan, waar ek leef, uit te dra en te beleef. Watter voorbeeld stel ek, watter invloed oefen ek uit, watter diens verrig ek in hierdie gemeente van God. Dan is ek gereed om werklik te sê wat weet ek en wat doen ek. Hy wat nie veel weet nie sal ook nie veel doen nie.

Al verstaan ons van God se koninkryk baie keer, bitter weinig, kom ons doen iets daaraan, om al meer van die Woord van God te verstaan. Ons doen dit sonder voorwaardes, sonder reserwes, sonder om te weifel. Doen dit en sien, hoe God vir jou 'n plan het, al is dit met min woorde, soos vir Sebulon, maar die plan sou uitloop, tot aan die seestrand, waar Jesus se eerste dissipels was, waar u en ek ook moet gaan staan.

AMEN